

SPESIFIEKE OUEROMSENBRIEF NR. 19 VAN 2017

28 Maart 2017

Beste Koorouer / -voog

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike koorsake.

KOORDRAG

Dankie vir die koordraggelde wat reeds betaal is. Ons vra asseblief dat alle koordraggelde teen **Vrydag, 31 Maart** vereffen sal wees. Vir enige navrae in verband met die koordrag, skakel asseblief met Sandra Pretorius (082 452 9400).

KOORTOER

- Vir ouers wat van **Opsie 2** vir die betaling van koortoergelde gebruik maak, herinner ons net daaraan dat die volgende paaielement van **R 1 000** op **31 Maart 2017** betaalbaar is.
- Ouers wat van **Opsie 3** vir die betaling van koortoergelde gebruik maak se betaling van die oorblywende **R 3 000** is op **30 April 2017** betaalbaar.
- Koorlede wat van die **amptelike borgvorms** gebruik maak om fondse vir die toer in te samel word versoek om, soos wat die gelde ingesamel word, dit by Elsa Nel in te betaal. Die finale vorms en gelde moet, op die laaste, teen **31 Mei 2017** ingehandig en inbetaal word.
- Bewyse van betalings** moet asseblief aan Elsa Nel gestuur word. (dutoitels@gmail.com)
- Spesiale Fondsinsameling vir Koortoerborgskappe**

In ons poging om dit vir *alle* koorlede moontlik te maak om die koortoer mee te maak en om verdienstelike koorlede met **borgskappe** te help, het ons 'n spesiale fondsinsamelingsprojek van stapel gestuur. Ons wil vriendelik vra dat al ons koorouers en koorlede met entoesiasme by hierdie projek betrokke sal raak en ons sal help. Al die nodige inligting, sowel as die produktelys en bestelvorms, is reeds aan alle koorouers en -voogde uitgestuur. Alle bestellings moet asseblief teen **30 April 2017** geplaas en betaal wees.

- Maak asseblief seker dat die leerder se skoolgelde op 31 Mei 2017 op datum betaal is, anders kan die leerder nie die toer meemaak nie.**

Voorlopige PROGRAM vir die TWEEDE KWARTAAL

Kooroefeninge

April	<i>Vakansie</i>	<i>Vakansie</i>	Dinsdag, 18	Dinsdag, 25	
Mei	Dinsdag, 02	Dinsdag, 09	Dinsdag, 16	Dinsdag, 23	Dinsdag, 30

Optredes

☐ ATKV Applous Koorkompetisie

Ons neem vanjaar weer deel aan ATKV Applous by die Randburg Streekfees. Inligting sal nader aan die tyd gegee word.

Datum: Woensdag, 17 Mei
Plek: Hoërskool Randburg

☐ Viva la Musica Koor- en Musiekfees

Ons bied weer vanjaar hierdie besondere Koor- en Musiekfees aan. Inligting sal aan die begin van die nuwe kwartaal deurgegee word.

Datum: Saterdag, 20 Mei of Saterdag, 27 Mei
Plek: UJ Sanlam Ouditorium

EEN en ANDER

Een van ons koorouers bak en verkoop die heerlikste koeksisters (*Soos sy self sê...nie te droog nie, nie te nat nie, nie te hard nie, nie te sag nie....net perfek!*) om fondse vir haar seun se koortoer in te samel. Ondersteun hulle asseblief. Bestellings kan by 072 248 2292 geplaas word.

Indien daar enige navrae of probleme is, neem asseblief die vrymoedigheid om Norman Burger te kontak by normanburger@gmail.com of **083 444 7818**.

Vriendelike groete.

Elsa Nel
Koorvoog

Pieter Booyen
Hoof